

◆ POSTBAG

Delighted reader

We were delighted to receive the November/December 2005 copy of **Kaapse Bibliotekaris**, with a most favourable review of **Jewish Life in South African Country Communities**, v.2. (Incidentally, we plan 5 volumes, not 2.)

As an aged librarian I was thrilled to see that the **Cape Librarian** is still going strong! I began my career at what was the South African Library, and of course Julie te Groen and the provincial headquarters were just around the corner.

Since retiring from the reference desk at Wits, I have worked on the Country Communities project, and we are grateful to you for reviewing our work.

Your whole periodical contains such informative and readable fare - I am sure it is greatly enjoyed by all the provincial library staff - and the many others who see it.

*Larna Bronstein
Librarian to the Project,
SA Friends of Beth Hatefutsoth*
Thanks for the kind words. ED



'Angels' in George

The George region's staff are angels. Elna Cloete and her staff provide such a good service, are always eager to help and without them we would never be able to deliver a good service to the public. A big thank you from all of us at Knysna Library to them!

Also, a thank you to the book selectors at Head office - our users are constantly praising us for the excellant selection of books we have. A librarian from Toronto was amazed at what we have available to the public.

I think thanks are due and credit must go to those who deserve it.

*Tracy Goller
Librarian, Knysna & Leisure Isle*

◆ PEOPLE

Librarians on the move...

...Rowayda Suleiman

Rowayda was appointed as librarian in charge at Lansdowne Library from 1 August 2006. Before this appointment she was in charge of Plumstead Library on a contract basis.

After she finished high school, the 18-year-old Rowayda started her library career at the Provincial Library Service - Miss Steele interviewed her. She and Colleen Williams (library assistant) started on the same day! Those were still the days when Special Requests was centralised. This was done from room 402 in Head Office. Rowayda also remembers working with Denise Harris (former book selector) and Thurrah Behar-dien in the then Bellville Region.

During her eleven years at Grassy Park Library she was involved in the Children's Section. Rowayda regards her experience at Grassy Park Library as perfect training for her library work.

It was a difficult decision to leave Plumstead Library, as there is one part-time staff member left to run the library. She is committed to help out every second Saturday, until more staff is appointed.

We congratulate Rowayda on her appointment and wish her many happy years at Lansdowne Library.

*Marianne Elliott
Regional Librarian, Southern Region*

...Jean Papas

After almost 20 years service, Jean Papas left Meadowridge Library at the end of November 2006.



Jean has had a lifelong involvement with Meadowridge Library. Her parents moved into the area when she was five years old. She graduated in Social Science at University of Cape Town and completed a Higher Diploma in Librarianship (HDLIS) in 1986. As a regular user of the library while she was a student, Jean heard about a post that had become available and applied for it. She was fortunate to start in January 1987, straight after completion of her studies. While Vivian Jones was briefly librarian-in-charge for two years, she trained Jean and appointed her second-in-charge. (Vivian retired earlier this year.) Jean herself became librarian in charge in 1999, when Zé de Vasconcelos took early retirement.

Jean was a regular attendee at the adult book selection meetings in Head Office and one of the first BookPlus librarians who trained herself to do searches in PALS. She also kept a card catalogue of titles only bought for SN, to make these titles available to library users. (Borrowers can only search the BookPlus database for titles.)

In 2004 Jean (née Warmenhoven) got married and after the birth of her baby girl decided to hand over attendance of Book Selection meetings to her second in charge, Ann-Maree Wyngaardt.

Jean says she is not going to lose touch with the library, but will continue to be involved on a voluntary basis. Until her toddler is older, she will have to shelve her hobbies (for example, découpage and photography). She feels she is leaving at an exciting time in the Metropole when library posts are being re-evaluated and new designations are put in place.

Jean wants to start a new life, however, and is looking forward to fulltime motherhood after her retirement. We wish her

well for this new venture. I will always remember her professional, calm and well-organised manner. It has been a pleasure working with her.

...Ann-Maree Wyngaardt

Ann-Maree also grew up in Bergvliet. She has been working at Meadowridge Library since December 1988. Before that she taught Mathematics, History and Business Economics. She acquired her Higher Diploma at University of Cape Town (UCT) and was also trained by Vivian Jones.



Ann-Maree is a keen painter and exhibits her work with the local Art Society.

We wish her well and hope to see her in a permanent appointment soon.

Nuwe biblioteek, nuwe gesig

Die klein gemeenskappie van Nelspoort het onlangs vir die eerste keer ooit 'n openbare biblioteek gekry.

Die vriendelike glimlag agter die toonbank behoort aan Veronica Jonas. Veronica is 'n gebore en getoë Nelspoorter. Sy beskou dit



as 'n voorreg om so 'n opwindende nuwe diens aan haar dorp te kan bied.

Pieter Hugo

Streekbibliotekaris, Beaufort-Wesstreek

Totsiens en welkom

In die George-streek was die afgelope tyd heelwat personeelwisseling by openbare biblioteke.

Sita de la Rey is na haar afdrede by Plettenbergbaai, deur Maryna Johnston, voorheen van New Horizons, opgevolg. Elrithia Breda staan nou haar plek vol.

Deanna van Heerden, is die nuwe bibliotekaris van Sedgefield nadat Garelène Maller uit diens getree het om voltyds ma te wees.

Thandi Twane is aangestel by die nuwe Khayalethu Biblioteek in Knysna.

Iris Fray van Conville het afgetree na 'n dienstyd van 29 jaar! Maria Veldkornet-Williams wat lank by Hornlee was, het ook besluit om die tuig neer te lê.

Die bekende gesigte sal gemis word. Baie dankie aan elkeen vir haar besondere bydrae oor baie jare. Dit is egter goed om 'n entoesiastiese nuwe span te hê wat die goeie werk kan voortsit. Welkom aan almal.

Elna Cloete

Streekbibliotekaris, Georgestreek

◆ LIBRARIES

Erratum

Referring to the news item on page 5 of the September/October issue of the CL approximately R18 million will be spent on books for all Metropolitan Libraries, one of which is the Nelson Mandela Library.

Touwsrivier Biblioteek

Touwsrivier Biblioteek het vanjaar Biblioteekweek tydens 17-21 Julie gevier. Die Bemarkingsafdeling van Boland Kollege waarvan Morné Meyer die bestuurder is, en Melvonia Joël het die kollege aan Graad 11 en 12's van De Kruine Sekondêr bekendgestel. Dit het gepaard gegaan met 'n motiveringssessie, waar leerders die belangrikheid van verdere studies ontdek het. Die leerders het dit baie geniet en die program was 'n reuse sukses.

'n Vigsbewusmakingsprogram is deur die plaaslike Vigsaksie-groep aangebied. Hierdie program is bykans deur 320 leerders (Graad 8-10), ook van De Kruine Sekondêr, bygewoon. Die groep het die boodskap deur middel van toneelspel oorgedra. Leerders was vasgevang in die uitmuntende toneelspel van die groep.



Morné Meyer het Boland Kollege aan leerders in Touwsrivier Biblioteek bekendgestel

Op 21 Julie is die week afgesluit met 'n videovertoning en die uitdeel van biblioteekmateriaal. Ek kan met trots sê dat Biblioteekweek 'n reuse sukses was.

Charlotte Hankey

Touwsrivier Biblioteek

Library offered holiday fun

Learners from Brooklyn spent their school holidays picking up impressive party tricks at the local library.

Learners from Brooklyn-based Eve Shoe's educate, also visited the library for the holiday programme. Anne Teixeira, of the library, entertained learners by showing them how to transform bland biscuits into culinary delights. Teixeira said this section of the holiday programme was 'usually the most popular'.

A special treat awaits children in the December school holidays. 'Everyone is really excited because we have a treasure hunt which will be quite popular.'

TygerBurger

Crafting can uncover those hidden talents

A variety of handcrafted artworks adorns the meeting place of the Friends of the Kensington Library. The group of 15 meets weekly for both a social exchange and to hone their visually pleasing arts and crafts. Colourful bookmarks with thoughtful messages, cuddly soft toys and creative clocks made from discarded CDs are evidence of the creative minds within this group.

Community members who are skilled in a certain craft offer voluntary training to the group and during a holiday programme at the library, the members held workshops for young people, teaching them about arts and crafts.

Bookmarks, one of the group's wares, are also sold at the library. 'We then use those funds for resources, such as books, for the library,' said Ms Humdulay, librarian.

TygerBurger

Hangberg Library saga

The temporary closure of Hangberg Library in Hout Bay in October sparked a total outcry amongst local residents. Several letters of protest hit the local media, Friends of the Library petitioned the City of Cape Town with a list of demands and Library and Information Association of South Africa (LIASA) addressed their complaints to the **Cape Times** and the **Cape Argus**.

Judging from an article that appeared in the **Cape Times** on 7 November 2006, it appears that although some of the city's community libraries are functioning with only one librarian, none will be closed as feared.

Famous illustrator visits

Niki Daly (children's writer and illustrator) popped in at the Observatory Library to donate a copy of his latest picture book, **Zanzibar Road**. Pupils from a local crèche were visiting the library at the time and were treated to an impromptu storytime by Niki himself.



Wesley Douglas, spokesman for deputy mayor Andrew Arnolds, who is responsible for libraries said the following libraries that were in a critical state, will not be closed. They are: Woodstock, Maitland, Bonteheuwel, Bloubergstrand, Kommetjie, Lwandle, Melton Rose, Scottsdene, Brown's Farm, Simon's Town, Lansdowne, Langa, Suiderstrand, Heldersig, Eikendal, Hangberg (Hout Bay), Heideveld and Camps Bay. The City will provide R2 million to fill the staff gaps.

Douglas said among the posts identified for filling were 24 (permanent) assistant librarian posts and five senior librarian posts. In total, 37 positions have to be filled by the end of November.

Mandla Yeki, spokesman for Sport and Recreation MEC Whitey Jacobs, said the problem was not confined to the Western Cape, but was a national crisis.

He said the national government had commissioned a task team to investigate the problem and R5 million had been put aside for the study.

Skolebiblioteekdag gevier

Die Pionierskool Biblioteek het op 23 Oktober 2006 deelgeneem aan die internationale skolebiblioteekdag. Al die leerders van graad 4 tot graad 6 het 'n algemene kennis toets geskryf. Sertifikate is oorhandig aan die eerste en tweede plekke in elke graad.



Al die leerders van graad 1 tot graad 6 kon ook deelneem deur aan te trek soos 'n gunsteling boekkarakter. Elkeen het die geleentheid gehad om hom- of haarself voor te stel aan die ander leerlinge en

Een van die twee Wheelie Wagons se lint is pas deur raadslid Charmaine Manuel, burgemeester van die Drakenstein Munisipaliteit, geknip. Links van haar staan Amarie le Roux, hoof van die Meulstraat Biblioteek



onderwysers. Pryse is ook toegeken aan die beste karaktervoorstelling in elke graad.

Tertia Roos
Bibliotekaris Pionierskool, Worcester

Skoenlappers en blomme

Stellenbosch Biblioteek in Pleinstraat het 'n prettige en baie leersame vakansieprogram in September aangebied.

Die tema was natuurlik lente en dit het die handwerk en storievertelling nog meer kleurvol laat vertoon.

Mariska van der Colff het haar inisiatief ingespan en met pragtige artikels vorendag gekom: daar was skoenlappers en blomme gemaak, asook blomme halssnoere en 'n blom-fotoroom.

Al die handwerk het gepaard gegaan met 'n opwindende storievertelling en het die ogendsessie mooi afgerond.

C Marais
Bibliotekaris, Stellenbosch Biblioteek

Meulstraat Vriende word 20

Die Vriende van die Meulstraat Biblioteek in die Paarl het pas met hulle Algemene Jaarvergadering hulle 20ste bestaansjaar gevier.

Una Engelbrecht
Meulstraat/Paarl Biblioteek

Met toe boeke bly jou binneste leeg

In September vanjaar is 'n satellietbiblioteek by **Nieuwe Drift** Primêre Skool in Noorder Paarl deur die Drakenstein- en Kaapse Biblioteekdienis geopen.

Kennis is deug en met toe boeke bly jou binneste leeg... Met hierdie boodskap het Burgemeester Charmaine Manuel op 29 September 2006 die nuwe Wheelie Wagon Biblioteek in Nieuwe Drift Primêr geopen. Die Drakenstein Munisipaliteit het die biblioteek onder hul vlerk geneem nadat daar besef is dat hierdie gemeenskap 'n dringende behoefte het aan 'n biblioteek. 'n Vrywilliger, Petro Gelant, is tans in beheer van die biblioteek. Sy het baie waardevolle opleiding by die personeel van die Paarl Biblioteek ontvang.

Die Vriende van die Paarl Biblioteek het 'n fotostaatmasjien geskenk, 'n stukkie toerusting wat deesdae in biblioteke net

Onder: Bestuurslede elk met 'n pragtige bossie blomme. (Vlnr): Mrs A Le Roux (bibliotekhoof), C Mendoza, S Visser, J du Plessis, C van Wyk, I Nel en M Kruger by dr Willem Botha, redakteur van die **WAT**, wat die spreker by die geleentheid was. Mrs Marthie Kruger, die voorsitter, is al vanaf 1987 betrokke by die Vriende



so onmisbaar is as boekrakke. Chris Bam, die skoolhoof, sê die leerders van sy skool is reeds almal aangesluit, maar die uitdaging is om ook die volwassenes te betrek en 'n leeskultuur te vestig.

Die biblioteek het begin boeke sirkuleer gedurende September 2006. Die biblioteek is twee oggende van die week oop om veral die leerlinge en onderwysers van die skool te akkommodeer; en dan ook een aand per week vir werkendes.

*Una Engelbrecht
Meulstraat/Paarl Biblioteek*

◆ SKRYWERS EN BOEKE

Skrywer Mahfouz het Oos en Wes versoen

Naguib Mahfouz (94), 'n gevierrede Egiptiese skrywer en die enigste Arabiese wenner van die Nobel Prys vir Letterkunde, is onlangs orlede.

Mahfouz, wat op die ouderdom van 17 jaar begin skryf het, en wie se eerste roman in 1939 verskyn het, had met sy afsterwe ongeveer 50 romans op sy naam. Hy is veral bekend vir sy sogenoemde Kaïro-trilogie, *Between the palaces*, *Palace of longing* en *Sugarhouse* (in hul Engelse vertaling), wat tussen 1955 en 1957 gepubliseer is, en hom as 'n leidende figuur in die Arabiese letterkunde gevestig het.

Mahfouz het filosofie gestudeer aan die Koning Fuad I Universiteit in Kaïro, waar hy ook 'n aantal jaar 'n administratiewe pos bekleeg het. In 1988 is die Nobel Prys aan Mahfouz toegeken uit erkenning vir die universiteit van sy kuns, wat beskou word as 'n metafoor van die verhoudings tussen mense in gemeenskappe wêreldwyd.

Byna die helfte van Mahfouz se romans is verwerk in rolprente wat deur die hele Arabiese wêreld gesirkuleer het. Hy het ook meer as 100 kortverhale geskryf, waarvan talle in onder meer Engels vertaal is.

Sy roman van 1959 wat in Engels onder die titel *Children of Gebelawi* verskyn het, is deur die Islamitiese Al-Azhar Universiteit verbied oor die teleurstelling jeans godsdienst wat daaruit spreek. In die jare tagtig het 'n ekstremistiese groep verklaar dat Mahfouz verdien om as 'n Godslasteraar doodgemaakte word oor dié boek. In 1994 het Mahfouz by die dood omgedraai ná 'n mesaanval deur 'n ekstremis.

Volgens sy vriend en biograaf Raymond Stock was hy 'die laaste van die pioniers' en 'die enigste Egiptenaar wat Oos en Wes volmaak met mekaar versoen het'.

Die Burger

'The Alchemist' in Xhosa vertaal

Die topverkoper-roman *The Alchemist* deur die Brasiliaanse skrywer Paulo Coelho is in Xhosa vertaal en gaan hopelik binnekort deur miljoene Suid-Afrikaanse kinders gelees word.

The Alchemist is reeds in 56 tale vertaal en sowat 43 miljoen eksemplare daarvan is al verkoop. Dit is in 2004 ook in Afrikaans vertaal.

Denzil Fillis van Johannesburg is so deur dié boek geïnspireer dat hy besluit het om 'n vertaler te kry om dit in Xhosa te vertaal. Sy vrou, Unathi Batyashe-Fillis is 'n aanbieder by die radiostasie 94.7 Highveld Stereo. Sy gaan ook die bemarking van die vertaalde boek behartig.

Die Burger

◆ LITERARY AWARDS

Hinrichsen rewarded

The 2005 Vivian Wilkes Award for outstanding illustration of a children's book was announced during the IBBY SA AGM in August 2006. The winner is Natalie Hinrichsen, for her work on *Tell the Moon* by Ann Walton, published by Tafelberg.

SCBWI-SA Newsletter - Sept/Oct 2006

Tweetalige woordeboek bekroon

Die uitgewery Pharos se *Afrikaans-Engels / English-Afrikaans Woordeboek / Dictionary*, wat verlede jaar verskyn het onder redaksie van Madaleine du Plessis en ander, is deur die Suid-Afrikaanse Vertalersinstituut (Savi) met die Savi-Via Afrika Prys vir Ultimuntende Vertaling bekroon. Dit is as die algehele wenner uit vier kategorieë aangewys. Dit is die derde keer dat dié prys toegeken word.

Right: Dr Francois Verster from the Western Cape Archives enthralled delegates with his interesting presentation during the recent forum meeting held in Worcester

Below: The long-awaited forum meeting in action



Die prysgeld vir die algehele wenner is R20 000. Altesame 12 publikasies is vanjaar vir die prys ingeskryf.

Die ander wenners, met prysgeld van R5 000 in elke kategorie, is Elsa Strike in die fiksie-kategorie vir *This life*, haar vertaling van Karel Schoeman se *Hierdie lewe*; in die nie-fiksie-kategorie Linde Dietrich vir *Anton Rupert - a biography*, haar vertaling van die Rupert-lewensverhaal deur Ebbe Domisse; en Idil Sheard in die poësie-en-drama-kategorie vir *Lied van die Vallei*, 'n vertaling van Athol Fugard se drama *Valley song*.

Die Burger

Nobel Prys nie teruggetrek

Die Nobel-stigting het kennis gegee dat hy nie die Nobel Prys vir Letterkunde wat in 1999 aan die Duitse skrywer, Günter Grass, toegeken is, gaan terugtrek op grond van Grass se onlangse onthulling, ná hy dit dekades lank verswyg het, dat hy as 17-jarige vrywillig in die Nazi-regime se berugte Waffen-SS gedien het nie, berig *The Scotsman*.

Dié aankondiging volg glo ná oproepe deur sommige kritici dat Grass se Nobel Prys teruggetrek moet word. Luidens die *Scotsman*-berig het Jonna Petterson van die Nobel-stigting gesê dat 'n prys nog nooit teruggeneem is nie'. 'As iemand eers 'n prys aanvaar het, is dit onmoontlik om dit terug te trek.'

Die Burger

◆ TRAINING

Forum in Worcester

The libraries in the Worcester Region held their long-awaited first forum meeting this year on 13 September 2006 at the Goudini Public Library (Rawsonville). Librarians from

the Witzenberg and Breede Valley Municipalities attended the meeting. Councillor Glenda Daames from the Breede Valley Municipality kindly attended the meeting. We really appreciate her interest in libraries. Cooperation between Province and municipalities is vital to ensure proper service delivery to communities.

Francois Verster from the Western Cape Archives Directorate gave a very interesting talk and slide show presentation to promote their service - a real eye-opener; as nobody was familiar with the service provided by Archives. He also surprised all with useful gifts.

The main star of the meeting was Karen Jorgensen, children's librarian from Worcester Public Library. She invited a group of 17 Grade 5 learners from Goudini Primary School and taught them how to find information in a library, the various reference and information sources in a library and how to use them. She handed out information literacy booklets as well as a compilation of the talk/lesson for the librarians. Any interested librarians can contact her at the Worcester Library (023 3482773).

Apart from the normal points on the agenda that librarians needed to discuss, Gail Jacobs from the Library Business Corners and Collette Egypt from Red Door gave talks about the respective services that they render.

Stanley Jonck

Regional Librarian, Worcester Regional Library

Onder: Die personeel van Stellenbosch- en Saldanhastreek se openbare biblioteke het in Oktober 'n baie geslaagde forumvergadering bygewoon



◆ ALLERLEI

Pap band kaskenades

Ek wil net iets deel met al die Condor eienaars. Op 30 Mei het ek en Elza ons biblioteekdepot (Wheelie Wagons) te Kliprand gaan besoek. Dit is ons plekkie wat op die mees noordelike grens lê. Ons ry ± 46km met die N7 in die rigting van Namibië en dan draai ons af op 'n grondpad van 80km. Die dag het ons met die terugkoms in die helfte van die 80km grondpad 'n pap band gehad. Dit is my eerste so-iets. Ek was al wel by met die omruil van 'n wiel, maar het nog nooit dit regtig self gedoen nie.

Ek het Elza staangemaak met die handboek en ek het die werk gedoen. Ten eerste is die wielsleutels nog nooit voorheen gebruik nie en daar het die poppe begin dans. Daar is drie dele wat inmekkaar moet kom en wat skroewe het wat jy moet losdraai en dan weer moet vasdraai sodat jy 'n stewige kontrapsie het vir die taak om die noodwiel te laat sak en ook die domkrag mee op te draai. Die Condor beskik nie oor enige ander sleutels of 'spanners' behalwe die drie wat 'n eenheid vorm en dan die sleutel waarmee jy die wiel moere moet losdraai. Soos ek gesê het, die moertjies op die sleutels is nog vaseverf. Nie ek of Elza se messegooed of teelepels was gesik om die moertjies mee los te draai nie en moes ek met sleutels werk wat krak en beweeg soos 'n flamink se bene.

Ek het die noodwiel laat sak, die domkrag gebruik en die wiel vervang. Toe ek die domkrag wil laat sak om die wiel moere ordentlik vas te draai (daar het toe al amper 'n uur verloop) sien ons 'n stoffie uitslaan oor die verste bult. Ek sê toe aan Elza dat in daardie voertuig definitief 'n manspersoon

sal wees. 'n Ou oomie en 'n jongman kom toe tot ons redding. Terug op Vanrhynsdorp het ek na Jan Tyre (ons bande man) gegaan vir 'n noodaankoop van 'n band. Hy het toe vir my die sleutelmoertjies almal losgedraai.

Ek praat toe met Theuns Botha van Oudtshoorn en ek vertel hom van my wedervaring. Hy het self gaan kyk en toe vir my laat weet dat 'n nommer 12, oopbek sleutel die regte sleutel is om die werkie te verrig.

Kan daar miskien vir alle Condor gebruikers in die Diens so 'n sleutel aangekoop word. Netnou sit hulle in dieselfde penarie as ek en Elza. Ek moet bysê, ons is ook buite selfoonontvangs gewees en die naaste plaas bitter ver.

En die storie gaan aan...

Ek wil vir julle soos oubaas van *7de laan* net 'n paar gevleuelde woorde medeel. Vanoggend het ek die Condor besprig om seker te maak van die sleutel wat benodig word vir die los-en vasdraai van die moertjies op die drie stukke 'spanners' wat 'n mens gebruik met die losmaak van die noodwiel en ook die op- en afdraai van die domkrag. Toe ons daardie dag die pap band tussen nik en nêrens gekry het, het ek en Elza die heel belangrikste instruksies in die 'manual' misgekyk. Hulle praat net van 'tools' en al wat ons kon agterkom, is dat nie een van ons messe, teelepels of ander eetgery ons kon help met die klein moertjies op die bruin stukke metaal nie. Ek het later selfs met Riaan Fourie by Staatsmotorvervoer gepraat en hy het my aanbeveel om 'n kwotasie by die Toyota agentskap te kry vir die aankoop van so 'n klein sleuteltjie om die ou moertjies los te draai.

Ek moet sê dit was nogal warm die dag met die pap band, en die feit dat daar nie eens selfoonontvangs was nie, en ek gedink het vandag het ek my moses teëgekom, blyk dit ook dat ek daardie dag ewe skielik nog my leestalent ook verloor het. Dit is nie dat ek nie kon Engels lees nie, ons doen dit darem ook heel goed hier in Namakwaland. Dit was net die geval van sienende blind en horende doof.

Goed kollegas, die volgende is die oplossing van al ons verknorsing:

In die swart sakkie onder die bestuurder se sitplek is daar die drie veelbesproke stukke bruin metaal en enetjie wat so goud van kleur is. Vanoggend toe ek die manual beter deurlees (bladsy 116) sien ek dat die ou goue stukkie metaal nie net een funksie het nie, maar sommer 'n hele paar, waarvan die een (die heel belangrikste een) is om die ou bruin moertjies heel gemaklik los en vas te draai.


▷ Groot opgewondenheid het geheers met die loodsing van Nieuwe Drift se nuwe Wheely Wagon. Baie ingenome met hierdie nuwe toevoeging is vrywillige werker Petro Gelant



Paarl Library staff having fun during Casual Day



▷ Observatory Library Nadia and Rosemary wearing Spring Hats for Casual Day celebrated on the 1st September 2006. The paper flowers were made by the staff and attached to straw hats. Staff wore something unusual to celebrate Casual Day to create awareness of mental and physical disabilities. The Library has close ties with Fountain House and Cape Mental Health, both organisations in Observatory are beneficiaries of Casual Day



NEW PUBLICATIONS



Far left:
Public libraries should receive the colourful yearplanner for 2007 from their regional librarians soon

Left:
In response to several requests for information on national symbols this poster was purchased and distributed to public libraries by the Publications Section

Eindresultaat: daar hoef nie meer 'n kwotasie gekry te word vir 'n ekstra sleutel nie en ook kan ons eetgerei gebruik word vir die doel waarvoor dit daar is - om mee te eet.

Ek hoop hierdie stukkie inligting sal julle kan help indien julle ooit 'n pap band kry.

Christa Hayes
Vanrynsdorpstreek

Lost in the Library

Arriving back at the dorm late one evening, my roommate explained that she had gotten lost in the school library. No one was surprised, since the library is large and has a confusing layout.

When I asked her how long it took her to find an exit, she admitted she hadn't actually found the exit herself. She'd used an emergency phone to call for help.

Puzzled, I asked, 'How did your rescuers find you if you didn't know where you were?'

'Easy,' she said. 'I started reading titles of books around me and they located my position from the card catalogue.'

Bradley Meyer

First lines of novels

These are the winners of this year's Bulwer-Lytton contest, wherein one writes only the first line of a novel. It is held annually by the English Department at San Jose University.

- ❖ As a scientist, Throckmorton knew that if he were ever to break wind in the sound chamber he would never hear the end of it.
- ❖ Just beyond the Narrows, the river widens.
- ❖ With a curvaceous figure that Venus would have envied, a tanned, unblemished oval face framed with lustrous thick brown hair, deep azure-blue eyes fringed with long black lashes, perfect teeth that vied for competition, and a small straight nose, Marilee had a beauty that defied description.
- ❖ Andre, a simple peasant, had only one thing on his mind as he crept along the east wall: 'Andre creep...Andre creep...Andre creep...'
- ❖ Although Sarah had an abnormal fear of mice, it did not keep her from eeking out a living at a local pet store.
- ❖ Stanley looked quite bored and somewhat detached, but then penguins often do.
- ❖ Like an overripe beefsteak tomato rimmed with cottage cheese, the corpulent remains of Santa Claus lay dead on a hotel floor.

❖ Mike Hardware was the kind of private eye who didn't know the meaning of the word 'fear', a man who could laugh in the face of danger and spit in the eye of death - in short, a moron with suicidal tendencies.

And the winner is...

The sun oozed over the horizon, shoved aside darkness, crept along the greensward, and with sickly fingers, pushed through the castle window, revealing the pillaged princess, hand at throat, crown asunder, gaping in frenzied horror

at the sated, sodden amphibian lying beside her, disbelieving the magnitude of the frog's deception, screaming madly, 'You lied!'

Test your mettle

The organisers of Sanlam Prize for Youth Literature 2007 are looking for youth novels in which technology plays a role. The closing date of the competition will be announced later. Further details available from Tafelberg.



Kaapse Bibliotekaris 40 jaar gelede...

Stefan Wehmeyer Assistentdirekteur: Steudienste

- In die Zeitgeist van 1966, gevleuelde woorde van die toenmalige LUK: 'Wat biblioteke vir my besondere betekenis gee as hulpmiddel en kenteken van beskaafdheid, is die aktiewe rol wat lede van die plaaslike gemeenskap nog altyd gespeel het, ten einde hierdie weldadige diens vir die gemeenskap beskikbaar te stel.'
- In 'n artikel oor Afrikaanse Kersprosa vergelyk D Botha **Stories van Rivierplaas** van Alba Bouwer ('Oukersdag op 'n Bolandse plaas') en al het julle die Vader Krismis nog nie met g'n oog gesien nie, as julle sy storie wil gloef dan gloef julle dit en dis nou julle storie, dis nou die ding' met Breyten Breytenbach in **Katastrofes** ('Oukersnag in Europa') 'Dit was Oukersaand. Wit. Selfs die baarde van die bome was wit. Wind loop en snuif oor die sneeu. 'n Dun wind. Die Donou het 'n skil van ys op.'
- Who remembers the book **An otter in my parlour?** The author Morna Eyre was librarian at the Strandskloof Depot. One of the most unique photos I have ever seen in the **Cape Librarian** appears in the article. Oswald the tame otter, curls up snugly in the library.
- 'In die donker gaan twee in wit gekleed stilweg deur die agterplaas na Els se gebou.' Nee, dis nie die verhaal van twee spoke of 'n skelmvryery nie. Dis net twee provinsiale bibliotekarisse (met wit jassies) wat so oortyd gewerk het met die destydse reorganisasie van biblioteke op die platteland.
- Joke: An irate gentleman strode into the library clutching a record in his hand. 'Do you know what you've done', he told the librarian, 'ruined the atmosphere.' It appeared that he had borrowed a record from the library - he had asked for the **Moonlight Sonata** - put it on his record player and dimmed the lights, planning to have a pleasant evening with his current lady friend. At the appropriate time he was going to turn the player on and play soft music. All went according to plan until he turned the record player on and the opening bars of the **1812 Overture** boomed forth.

En aan die einde van die jaar kry ek my eerste skoolrapport - Graad Een - Rekenkunde 100% Afrikaans 64% (ek tel nog altyd baie beter as wat ek skryf!)

Submit work to South Africa Writing

Submissions for work are accepted in all 11 official languages. E-mail <southafricawriting@mweb.co.za> with the name of your piece and your name in the subject line of the e-mail. Or post submissions to SAW, P O Box 717, Rondebosch, 7701.

Electronic submissions are accepted. Resources are not available to acknowledge posted submissions. Poems, short stories (2500 words or less), plays and screenplays, as well as cartoons are acceptable. Please submit a maximum of four poems, two short stories, four cartoons, one play, one screenplay per submission cycle (three months).

For more information on submissions visit the submission policy page at <http://www.southafricawriting.com/SubmissionsPolicy.htm>

Poetry exchange 2006 great success

Following on the very successful Poetry Caravan through the libraries of Atlantis, Delft and Athlone and the Central Library two years ago another successful poetry exchange was held in October at the Town Centre Library, Mitchells Plain and the Central Library, City Hall. As on the previous occasion international poets from former Dutch colonies were brought to Cape Town under the auspices of Winternachten, a Dutch Literature Festival to share a platform with local poets.

With the Winternachten Festival held annually in The Hague, the Netherlands aims to encourage the development of intercultural relations between the historically-related countries of Indonesia, Suriname, South Africa, Aruba, the Netherlands Antilles and the Netherlands. Since 2001 the Festival has also been taking place outside the Netherlands in co-operation with local organisations and institutions. On this occasion Winternachten was working with the Spier Arts Trust. (A public performance was held later the same week at Spier itself.)

The idea was to exchange experiences and forms of expression across the poetic spectrum giving Cape Town poets an opportunity to hear international poets of wonderfully diverse backgrounds reading and discussing their poetry. It was hoped that this would lend inspiration to local budding poets and writers. And in this aim it certainly succeeded. Local poets and the audiences at the library events were treated to a highly charged experience of poetry

reading, poetry performance, and what could almost be termed poetry dance!

The international poets taking part were Gibi Bacilio, a poet and literary performer from Curacao who read his poetry accompanied by a local percussionist Texito Langa from Mozambique; the poet Shrinivas (Marinus Lutchman) from Suriname and poet Tan Lioe le born in Denpasar (Bali, Indonesia). Also performing were Ronald Snijders, a musician from Paramaribo who has produced some very successful CDs and Def P (Pascal Griffioen), a writer, artist and hip hop musician from Amsterdam.

Internationally renowned poet Antjie Krog introduced the visiting poets on both occasions but the sessions were very different.

The Town Centre event finished with everybody dancing to the flute of Ronald Snijders while at the Central library the session was more of a workshop with the visitors commenting on their own and the local work and Antjie asking searching questions of the local poets.

An important element of these events was the refreshment time giving everybody a chance to mingle and to personally interact. The librarians in charge and the staff of both the Mitchells Plain Town Centre Library and the Central Library, City Hall are to be commended on their enthusiasm, co-operation and hard work which made these occasions possible.

Rheina Epstein
Correspondent

Rare Foreign Office files online

Germany's occupation of several countries in World War Two left the Allies without the stream of intelligence usually provided by resident diplomats in their letters, reports and cables to London. New arrangements had to be made to keep the Foreign Office well-informed about local political activity and popular opinion.

In *Conditions and Politics in Occupied Western Europe 1940-1945*, Thomson Learning's newest online archive, all the sources of alternative intelligence are gathered from the Foreign Office papers deposited in The National Archives in London. Gathered from across German-occupied and neutral territories following the Nazi advance and collapse of peacetime diplomacy, this important series of original documents is now made available in fully word-searchable format to meet current and future research and teaching needs in international relations, propaganda, intelligence gathering, and the cultural history of warfare.

The collection offers more than 22 000 items in nearly 1 000 British Foreign Office files. Documents include Ambassadorial dispatches, representations of foreign diplomats, telegrams, letters from British diplomats abroad, memoranda, minutes and news.

This digital archive is essential for studies in 20th Century British and European history, Second World War and Holocaust Studies, International Politics, Resistance and Propaganda.

On the release of *Conditions and Politics in Occupied Western Europe*, Mark Holland, Publishing Director, Thomson Learning EMEA said: 'With this new online resource Thomson offers exciting new primary source coverage to meet the strong interest of students, teachers and researchers in the many conflicts of the twentieth century.'

To review *Conditions and Politics in Occupied Western Europe, 1940-1945*, go to <http://www.galeuk.com/trialsitel/> and access using the following username and password:
Username: xconditions
Password: information

Gale Thomson



*Next year sees the
50th anniversary of the
Cape Librarian.
Prepare yourselves
for a trip
down memory lane...*



LAAT NUUS

Ons het so pas verneem van die verkeersbotsing waarin 'n geliefde kollega, Magduldt Stopforth, van Swellendamstreek tragies gesterf het. Saam met haar in die motor was Streekbibliotekaris Ronel Mouton, ook van Swellendamstreek, wat tans met ernstige beserings in die hospitaal is. Ons innige medelye aan die Stopforth familie.



Op 'n onlange besoek aan Hoofkantoor verkeer Magduldt (derde van links) in ligte luim saam met haar kollegas wat haar geweldig sal mis



Ronel Mouton - 'n foto uit die argiewe - sy is in ons gebede en ons wens haar alle sterkte toe

NATIONAL DAYS 2007 NASIONALE DAE

Compiled by Szerena Knapp

We have had requests to publish detail regarding national days in the November/December issue of the *CL* each year. Below is the information available at the time of going to print. International or national days for the rest of 2007 will be published in the January/February 2007 issue of the *CL*.

Every effort has been made to ensure that the correct information is published. Should there be any discrepancies please contact the author on (021) 483-2483.

JANUARY

SunSmart Awareness Month

Date: 1-31 January 2007

Presenter: Cancer Association of South Africa
Contact person: Alice Victor
Tel: (021) 689-5347
Fax: (021) 685-1937
E-mail: <projectswp@cansa.org.za>
Web site: cansa.org.za / cansa.co.za

World Braille Day

Date: 4 January 2007

Presenter: SA National Council for the Blind
Tel: (012) 346-1171
Fax: (012) 346-4699
E-mail: <marlene@sancb.org.za>

World Leprosy Day

Date: 28 January 2007

Presenter: Leprosy Mission Southern Africa
Contact person: Peter Laubscher
Tel: (011) 440-6323/440-5826
Fax: (011) 440-6324
E-mail: <peter@tlm.co.za>
Web site: leprosymission.co.za
Contact person: Otto Kingsley
Tel: (021) 558-2020

FEBRUARY

SunSmart Awareness Month

Date: 1-28 February 2007

Presenter: Cancer Association of South Africa
Contact person: Alice Victor
Tel: (021) 689-5347
Fax: (021) 685-1937
E-mail: <projectswp@cansa.org.za>
Web site: cansa.org.za / cansa.co.za

World Wetlands Day

Date: 2 February 2007

Presenter: Department of Environmental Affairs and Tourism
Contact person: Desetso Ramotsvo
Tel: (012) 310-3822
Fax: (012) 322-2682
Cell no: 082 219 5136

World Cancer Day

Date: 4 February 2007

Presenter: Cancer Association of South Africa
Contact person: Alice Victor
Tel: (021) 689-5347
Fax: (021) 685-1937
E-mail: <projectswp@cansa.org.za>
Web site: cansa.org.za / cansa.co.za

Condom Week

Date: 5-9 February 2007

Presenter: Planned Parenthood Association of South Africa
Tel: (021) 448-7312
Fax: (021) 448-7320
E-mail: <ppawc@ppawc.co.za>
Web site: ppasa.org.za

Pregnancy Education Week

Date: 17-25 February 2007

Presenter: Childbirth Educators Resource Group
Contact person: Lynn Bluff
Tel: (011) 827-6912/0860 18 18 18
Cell no: 083 227 6712

Teen Suicide Prevention Week

Date: 21-28 February 2007

Presenter: The SA Depression and Anxiety Group
Telephone: (011) 783-1474.